

Algemene inligting en voorsorgmaatreëls t.o.v. Koronavirus:

Daar word beklemtoon dat die volgende op hierdie stadium nie alle elemente van 'n ideale voorsorgplan vervat nie. Die leiding wat gebied word, kan egter sensitieweit skep vir die vlak van voorsorgmaatreëls wat vereis word.

1. **Belangrike kontaknommers:**

- Die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (sg Hotline): 0800 029 999
- Tygerberg Hospitaal: 021 938 4911

2. **Hou die volgende in gedagte:**

- Die Koronavirus is 'n virus wat versprei d.m.v. druppelbesmetting, dus groot druppels wat versprei word deur persone wat nies of hoes. Dit beteken dat die lug jou nie kan infekteer nie.
- Alle oppervlaktes waar die besmette druppels land of geassosieer word met 'n geïnfekteerde persoon, is geïnfekteer tot so lank as 'n week.
- Mense kan nie geïnfekteer word deur die virus behalwe as 'n geïnfekteerde persoon direk in jou onbeskermd gesig hoes of nies nie. Blootstelling kan ook plaasvind wanneer aan 'n oppervlak of item waarop die virus beland het, geraak word. Toegang tot die liggaam word verkry via die neus, mond of oë.
- Die virus het slegs 'n selreseptor vir longselle (dit infekteer slegs die longe).
- Daar word beweer dat die virus tot 'n week in klere kan oorleef as in die elmboog gehoos of genies word. Trek dus elke dag skoon klere aan.

3. **Toegang tot betroubare inligting/Opleiding aan personeel:**

- As gevolg van fopnuus wat op sosiale media die rondte doen en paniek veroorsaak, is senior personeel van alle Badisa Programme daarvoor verantwoordelik om korrekte inligting vanuit amptelike bronne deurlopend aan personeel (ook kliënte en hul familie) te kommunikeer.
- Opleiding aan personeel wat betref voorkoming sowel as die isolasie protokol moet onmiddellik 'n aanvang neem, en daarna ten minste een keer per week tydens formele sessies opgedateer word.

4. **Praktiese voorsorgmaatreëls wat getref moet word om uself/inwoners/kliënte/kinders te beskerm:**

- Skenk oorweging daaraan om slegs een personeellid verantwoordelik te hou vir noodsaaklike take, bv dringende medikasie, ens.
- Handewas regime (20 sekondes) nadat enige oppervlaktes aangeraak is met seep en verkieslik lopende water.
- Geen handdruk.
- Gebruik jou kneukels van die hand om ligskakelaars en hysbakke se knoppies te druk of deurhandvatsels te draai.

- Gebruik jou heup of toe hand om 'n deur oop te maak. Indien die deur nie geopen kan word met jou toe hand nie, kan die deurknop met 'n sneesdoekie oopgemaak word.
- Gooi dadelik gebruikte sneesdoekies weg (verkieslik in die toilet).
- Gebruik ontsmettingsmiddel- lappies (disinfectant wipes) wanneer beskikbaar en vee alle handvatsel areas af by kruideniers waentjies, kinderstoeltjies ens.
- Gebruik 'n hand ontsmettingsmiddel (hand sanitizer) wat 'n alkohol basis het van ten minste 70% en hoër.
- Hand ontsmettingsmiddel moet deurlopend gebruik word. Gebruik dadelik as u in enige publieke area teenwoordig was.
- Hou hand ontsmettingsmiddel by alle ingange van die tehuse/huise/motors/kantoor, sodat hande ontsmet kan word voordat besoekers die werksgebou binnegaan, as water en seep nie dadelik beskikbaar is nie.
- Inteken penne wat gebruik word om in te teken by die gebou moet ontsmet word na elke persoon ingeteken het.
- Penne/duimdruk areas in banke moet eers ontsmet word voordat jy dit gebruik.
- Indien u self hoes of nies moet 'n sneesdoekie (tissue) gebruik word en weggegooi word direk in 'n toilet.

5. **Voorsorgmaatreëls wat ingestel kan word deur residensiële fasiliteite (Tehuse vir Bejaardes en Gestremdes, Kinder- en Jeugsorgsentrum).** Hierdie kan ook deur ander Badisa Programme gebruik word.

a. Buitelandse reisigers:

- **Geen** besoekers wie die afgelope 30 dae internasionale reise onderneem het, mag die fasiliteit besoek nie.
- Hierdie moratorium geld ook vir persone wie met sodanige internasionale reisigers na hul terugkeer in die land in kontak was.
- Indien daar wel kontak was voordat die erns van die pandemie na vore gekom het en hierdie moratorium uitgereik was, moet personeel die inwoner observeer vir simptome van die virus vir 14 dae na die besoek.

b. Besoekers en besoektye:

- Daar word sterk aanbeveel dat **geen** ander besoekers vir die volgende 30 dae by die fasiliteit toegelaat word nie.
- Hierdie tydelike moratorium geld totdat meer oor die impak en verspreiding van die virus bekend is.
- Streng voorkomingsmaatreëls moet toegepas word ten opsigte van besoekers wat die fasiliteit besoek ten einde die voortsetting van dienste te verseker, byvoorbeeld aflewering, kontrakteurs, geneeshere ensovoorts.
- Elke kontrakteur/aflewering beampte se temperatuur (nie hoër as 37.5 grade Celsius nie) moet geneem word voordat hulle die program binnegaan. Indien hoër as 37.5 grade Celsius moet hulle die perseel belet word.



c. Kliënte wat Badisa diens wil staak (nie-statutêre dienste):

- Indien kliënte, in die geval van nie-statutêre dienste, besluit om nie verder van die Badisa diens gebruik te maak nie, word verwag dat hulle of hul naasbestaandes 'n onderneming teken dat outomatiese hertoetreding tot die diens nie van toepassing sal wees nie.
- 'n Nuwe aansoek om toelating sal ingedien moet word. Die program se toelatingskriteria sal hierna geld.

d. Kinder- en Jeugsorgsentrums:

- Alle vakansieplasings word tot verdere kennisgewing opgeskort.
- Soos wat inligting oor die verspreiding van die virus beskikbaar word, sal verdere instruksies uitgereik word.

e. Ander Badisa Programme:

- Dienste gaan normaal voort, met inagneming van die voorgeskrewe voorkomende maatreëls.
- Soos wat inligting oor die verspreiding van die virus beskikbaar word, sal verdere instruksies uitgereik word.

f. Personeel wie vir diens aanmeld (algemeen maar spesifiek t.o.v. residensiële fasiliteite):

- Dit word sterk aanbeveel dat personeel se temperatuur daaglik, wanneer hulle vir diens aanmeld, geneem word.
- Temperatuur hoër as 37.5 en wat met 'n seer keel, hoes of nies gepaardgaan, moet dadelik vir self-isolasie gestuur word.
- Indien simptome gering is, beveel gesondheidsowerhede aan dat self-isolasie vir 'n periode van 14 dae voldoende is.
- Verdere mediese intervensie is aangewese indien simptome vererger.

g. Voorportaal:

- Stel toegangsbeheer in so na aan die voordeur as moontlik.
- Daar word versoek dat die besoekersboek vervang word met 'n verklaring (sien Bylae .1) wat deur alle noodsaaklike besoekers voltooi moet word.
- Hand ontsmettingsmiddel (hand sanitizer) moet beskikbaar wees vir besoekers voordat hulle die gebou binnegaan.
- Die pen waarmee hulle inteken, moet afgegee word met 'n ontsmettingsmiddel soos quadricide nadat besoekers dit gebruik het.
- Alle personeel moet hul observasievermoë verskerp. Let op na mense wie hoes, nies, koorsig lyk of loopneus het. Verbied toegang onmiddellik.



- Steriliseer die verpakking van enige items soos seep, koeldrank ensovoorts wat by die ontvangs vir 'n kliënt gelaat word.

h. Publieke toilette:

- Alle publieke wasbakke moet seep, afdroog papier en hand ontsmettingsmiddel beskikbaar het vir besoekers.
- Handdoeke moet verkieslik nie gebruik word nie.

i. Gryprelings:

- Alle gryprelings moet ten minste 1 keer per dag (verkieslik 3 keer per dag) met anti- bakteriële skoonmaakmiddels afgevee word.
- Dit behels alle gryprelings in gange, toilette, badkamers en storte.

j. Isolasië areas:

- Volg die Isolasië Protokol en –prosedures (aangeheg as Bylae B).
- Voorkomend moet alle Programme reeds op hierdie stadium 'n isolasië kamer/area identifiseer.
- Verseker dat voorraad voldoende is om 'n geïnfecteerde persoon te versorg.

k. Areas waar voedsel voorberei word:

- Higiëniese hantering van alle algemene eetgerei.
- Indien 'n skottelgoedwasser gebruik word, moet die temperatuur ten minste op 71 grade gestel word.
- Indien eetgerei met hande gewas word, moet 'n Jik oplossing (1:9) in die afspoelwater gebruik word.
- Alle vrugte en groente wat rou geëet word moet met Milton afgespoel word voordat dit aan inwoners/kliënte/kind oorhandig word.

l. Washuise:

- Washuis personeel moet van beskermende klere (PPE) voorsien word. Verseker voldoende voorraad van laasgenoemde, dus handskoene, maskers, en voorskote wat afgespuit kan word met anti-bakteriële sproei. Alternatiewelik kan van wegdoenbare voorraad gebruik gemaak word.
- Washuis personeel moet die prosedure volg vir gekontamineerde linne, soos uiteengesit in Bylae B.
- Linne moet in sonlig droog word (nie tuimeldroog nie).

m. Skoonmaakdienste:

- Voorkoming is beter as genesing. Die belangrikheid dat oppervlakte en items waarop die geïnfecteerde druppels mag beland deurlopend ontsmet word, kan nie oorbeklemtoon word nie.
- Anti- bakteriële skoonmaakmiddels soos Quadricide moet deurlopend gebruik word.
- Personeel moet opgelei word t.o.v. van die belangrikheid van hand higiëne.



- Alle oppervlaktes soos gryprelings, bedkassies, tafels ens. moet daagliks afgevee word met anti-bakteriële seep/skoonmaakmiddels.
- Skoonmaak toerusting moet volgens prosedure na gebruik gewas en gedroog word.
- Skoonmaaktrollies moet daagliks ontsmet word.
- Slegs klam afstof word toegelaat.
- **LW:** Oor-die-toonbank middels soos Handy Andy en Pine jel is nie 'n ontsmettingsmiddel nie. Gebruik middels soos quadricide, Geo Germ, Jik of Biocide

n. Voorgestelde lys van kritiese voorrade:

- Wegdoenbare latex handskoene.
- Wegdoenbare maskers.
- Hand ontsmettingsmiddel wat 70% en hoër alkohol basis bevat.
- Anti- bakteriële seep.
- Handelsname soos Jik, Milton, Quadricide Geo Germ, Biocide
- Beskermende klere (PPE of wegdoenbaar)



Verklaring:

Neem asseblief kennis dat u 'n area betree wat dienste lewer aan 'n weerlose kliëntegroep wie hoogs vatbaar is vir die verspreiding en effek van die Koronavirus. Ons is dus genoodsaak om, as deel van ons voorkomingsmaatreëls, die volgende inligting te versoek:

| | |
|---|--|
| Naam van Besoeker | |
| Datum van besoek | |
| Kontaknommer | |
| Inwoner wie besoek word | |
| Handtekening | |
| Rede vir besoek | |
| Het u die volgende simptome: | |
| Keelseer | |
| Koors | |
| Hoes | |
| Nies | |
| Lyfseer | |
| 'n Temperatuur van hoër as 37.5 grade Celsius | |
| Het u in die afgelope maand buite Suid Afrika se grense gereis? | |

Baie dankie vir u samewerking

Bestuurder: _____